Verwysing: 20200527-6258
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: R Larney

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0005/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *SOBIS: COVID-19 moniteringsinstrument*

Onderwerp: SOBIS: COVID-19 moniteringsinstrument

1. Die WKOD het verskeie riglyne uitgereik vir die bestuur van COVID-19 in openbare skole wat daarop gemik is om die beplanning en voorbereiding vir die terugkeer van onderwysers en leerders na die skool te ondersteun, asook om die verspreiding van COVID-19 te voorkom.

2. Skoolhoofde van openbare gewone en spesiale skole word in kennis gestel van 'n COVID-19 moniteringsinstrument, in 'n SIM-tipe formaat wat teen Mon 1 Junie 2020 op SOBIS voltooi moet wees.

3. *Gaan na: CEMIS / Administrasie / COVID-19 moniteringsinstrument.*

4. Daar sal van die kringbestuurder verwag word om te rapporteer en af te teken op Edu-InfoSearch by Dinsdag 2 Junie 2020.

5. Die proses moet moontlik herhaal word soos die grade in gefaseer word. Skole sal in kennis gestel word as dit so moet gebeur.

6. Alle navrae oor die bogenoemde kan aan die betrokke kringbestuurder van elke kring of die Hoof: Bestuur en Beheer van elke distrik gerig word.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendminuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2020-05-27